

## #HoeNou?! – Episode 9: Wie was Don Juan en Casanova?

Daar is baie Afrikaanse woorde vir mans wat rokjagters is, soos “casanova”, “don juan”, “gigolo”, “pierewaaier” en “haantjie”. Maar wat noem ons die vroulike teenhanger van ’n rokjagter? En wat is die Afrikaans vir ’n casanova. Was Don Juan ’n werklike persoon?

### Het jy geweet?

- Die woord *casanova* verskyn in die Afrikaanse woordelys en spelreëls.
- **Don Juan** [uitgespreek: don GOE-han] is ’n 17e eeuse **fiktiewe** Spaanse karakter, en staan in Italiaans bekend as Don Giovanni (wat ook die hoofkarakter in ’n gelyknamige opera van Mozart is).
- Die <j> word in Spaans uitgespreek as [x]
- Blitsondersoek op Facebook: meeste Afrikaanse mense sê [dɔn xuhən], maar ’n hele klomp sê wel [dɔn juhən].
- In Engels ook [dɔn wan], soos [wanita] (vir Juanita).
- **Casanova** was ook ’n Italiaanse karakter, maar nie fiktief nie.
  - Giacomo Casanova [dʒɑ.kə'mɔ kɑ.sɑ'nɔ.vɑ] was ’n Italiaanse avonturier en skrywer wat van 1725 tot 1798 in Venesië– en die hele Europa eintlik – geleef het.
  - Hy was ’n vrymesselaar en kabbalis, met belangstelling in die okkulte, numerologie en alchemie.
  - Hy was vriende met onder andere Katarina die Grote, Benjamin Franklin, Jean-Jacques Rousseau, Voltaire en madame De Pompadour.
  - Interessant genoeg: Ook vriende met Mozart se librettis Lorenzo Da Ponte, met wie hy gesprekke gevoer het oor Mozart se opera ... Don Giovanni!

### Wat noem ons ’n vroulike onweerstaanbare maar ontroue minnaar en verleier van mans?

- Die een wat eerste voordoet, is *delila*. Maar ’n delila is veral ook listig en skelm, net soos ’n *isebel* ook.
- Dit bring ons dan by ’n *fleurrie*, maar dit het eintlik nogal negatiewe konnotasies.
- **Die naaste vertaling is eintlik koker.** Die HAT sê dis ’n meisie/vrou wat haar (op ’n spelerige manier) so teenoor ’n man gedra dat dit duidelik is dat sy hom (seksueel) aantreklik vind, al stel sy nie regtig in ’n verhouding belang nie.

- Uit Ndl. *coquette* (1731), uit Fr. *coquette* [kɔ.kɛt], die vroulike vorm van *coquet* [kɔ.kɛ], wat die verkleiningsvorm is van *coq* [kɔk] 'haan'.
- Die vrou word so genoem omdat sy haar soos 'n parmantige haantjie gedra wat daarop uit is om aandag te soek.

### Wat van 'n geslagneutrale woord?

- Dit is die Engelse woord, **flirt**. Dieselfde as *koket* soos reeds hierbo verduidelik volgens die definisies in die HAT. (Staan egter reeds lank in ons woordeboeke en in die AWS.)
- Woordskepping uit die 16e eeu, met die oorspronklike betekenis 'to give someone a sharp blow', m.a.w. 'to joke, jibe'. Daarom het ons vandag nog die speelse karakter aan die woord *flirt*.

### Woordelys en betekenis:

- **casanova**: beginsellose, ontroue minnaar (HAT) (ook in AWS)
- **don juan**: onweerstaanbare minnaar (HAT) en verleier van vroue; losbandige persoon (WAT) (ook in AWS)
- **gigolo**: man wat gehuur word om as metgesel/begeleier/dansmaat van 'n (dikwels ouer) vrou op te tree; ook man wat 'n bestaan maak uit die verdienste van prostitute (HAT; WAT) (slegs in AWS-10)
- **pierewaaier**: Manlike persoon, dikw. welgesteld of van aansien, wat geneig is om te pierewaai of op 'n minder diskrete manier te flirteer (WAT); pierewaai = rinkink, jol, fuif (HAT)
  - **EWA**: Ndl. pierewaaien uit Russies pirowát 'fuif', 'n afleiding van pir 'gasmaal'.
- **laventelhaan**: man wat oordrewe aandag aan sy uiterlike bestee; fat; modegek (HAT)
- **delila**: verleidelike, listige vrou (HAT)
- **jesebel of isebel**: vals/wrede/slegte vrou (HAT) ook goddelose, sedeloos (WAT)
- **flerrie**: ligsinnige, vryerige meisie (HAT); Persoon wat vir vermaak of tydverdryf rond en bont vry; iem. wat die hof maak sonder ernstige bedoeling; vryerige meisie; Ligsinnige, rustelose, onverskillige, speelsieke, vrypostige jong meisie; losbol; flerts (WAT)
  - **EWA**: wat verband hou met flaars (1600) 'lui, slordige en ligsinnige vrou, slet'

- **koket:** 'n meisie/vrou wat haar (op 'n spelerige manier) so teenoor 'n man gedra dat dit duidelik is dat sy hom (seksueel) aantreklik vind, al stel sy nie regtig in 'n verhouding belang nie; flirt (HAT)
  - **EWA:** Uit Ndl. coquette (1731), uit Fr. coquette, die vroulike vorm van coquet, met lg. van coq 'haan'. Die vrou word so genoem omdat sy haar soos 'n parmantige haantjie gedra wat daarop uit is om aandag te soek.
- **flirt:** iemand wat daarvan hou om (op 'n spelerige manier) so teenoor iemand op te tree dat dit duidelik is dat hy/sy hom/haar (seksueel) aantreklik vind, al stel hy/sy nie regtig in 'n verhouding belang nie
  - **Wiktionary:** mid 16th century: apparently symbolic, the elements fl- and -irt both suggesting sudden movement; compare with flick and spurt. The original verb senses were 'give someone a sharp blow' and 'sneer at'; the earliest noun senses were 'joke, jibe' and 'flighty girl' (defined by Dr Johnson as 'a pert young hussey'), with a notion originally of cheeky behaviour, later of playfully amorous behaviour.

**Bronne:**

[https://en.wikipedia.org/wiki/Don\\_Juan](https://en.wikipedia.org/wiki/Don_Juan)

[https://en.wikipedia.org/wiki/Giacomo\\_Casanova](https://en.wikipedia.org/wiki/Giacomo_Casanova)

<https://www.facebook.com/gerhardvanh/posts/10156936209603388>